

Woensdag 17 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 2

Fokusgedeelte: Levitikus 2:13

Moenie die sout vergeet nie!

Al die offers het een ding vir die Israeliet beklemtoon en dit is dat God die absolute middelpunt van ons lewe moet wees. Ook die graanoffer was 'n neerbuiging voor God waarmee jy erken dat God die begin en einde van jou lewe is. Dit was 'n belydenis voor God dat uit God en deur God en tot God alle dinge is. Hier staan ek met die graan in my hande. U het my gehelp. U is betrokke tot by my daaglikse werk op my lande. Met hierdie graanoffer erken ek u genade en hulp. Ek erken dat ek van U volkome afhanklik is. Ek erken dat U my eienaar en weldoener is. En soos 'n deel van hierdie offer gaan brand in die vuur, so brand my hart vol liefde tot u eer.

So bid ons ook aan tafel. Ons offer aan die Here. 'n Erkenning dat ons elke dag van God afhanklik is. Hy is ons eienaar en versorger. Ook 'n belydenis dat ons van brood alleen nie kan lewe nie, maar dat ons nuwe lewe in Jesus as die ware brood van Bo die heel belangrikste is.

En dan is daar die sout wat nooit vergeet moet word nie (vs 13). Die een wat die offer bring, bring nie sout saam nie. By die tempel is 'n soutkamer. Die sout word deur God verskaf. Van die vroegste tye af was sout 'n teken van vriendskap. Wanneer mense met mekaar 'n verbond sluit, het hulle dit bevestig deur saam te eet met sout wat gesprinkel word. Net so gee God die sout en bevestig Hy sy trou en vriendskap aan die offeraar. Maar God leer ook dat ons offers ten diepste onsmaaklik is. Net God kan smaak aan ons lewe gee. Sonder God is jou lewe laf en flou soos kos sonder sout.

Sing: Psalm 128-1:1

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)